education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## MUSIEK V1

## MODEL 2008

**EKSAMENNOMMER/NAAM:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**PUNTE: 125**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 'n rofwerkblad.**

Kopiereg voorbehou

LOS ASB HIERDIE BLADSY OOP

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A moet op hierdie vraestel met potlood beantwoord word.

3. AFDELING B moet in 'n ANTWOORDEBOEK met ink (blou of swart) beantwoord word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Kandidate moet toegang tot 'n musiekinstrument hê om AFDELING A van hierdie vraestel te voltooi.

6. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk gebruik kan word. Dit mag deur die kandidaat verwyder word.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

### VRAAG 1

Bestudeer die musiek ('n klavierreduksie van 'n uittreksel uit *Sizongena* vir S.A.T.B.) en beantwoord die vrae na aanleiding van die gegewe stuk.

SIZONGENA LAPH'EMZINI

Mzilikazi Khumalo



1.1 Watter stemparty stel die tema bekend?

**Antwoord:** ____________ (1)

1.2 Watter komposisietegniek verskyn tussen die stempartye in maat 4?

**Antwoord:** ____________ (1)

1.3 Gee EEN woord/term om die omkringde ritmiese patrone in die altstem van mate 6 en 7 te beskryf.

**Antwoord:** ____________ (1)

1.4 Skryf mate 8 en 9 oor in oop partituur vir EEN van die volgende:

1.4.1 S.A.T.B. (teks weggelaat)

**Antwoord:**




(4)

**OF**

1.4.2 Strykkwartet (2 viole, altviool en tjello)

**Antwoord:**




(4)

1.5 In solfa-notasie sal die volgende bewoording boaan hierdie koorstuk staan: 'Do is A-mol'. Skryf 'n melodiese mineur-toonleer op- en afgaande sonder 'n toonsoortteken, in die tenoorsleutel, wat op 'la' begin. Gebruik enkelvoudige vierslagmaat en dui die halftone met 'n bogie aan.

**Antwoord:**

(4)

1.6 Beskryf die intervalle soos gemerk in die partituur, volgens afstand en soort:

1.6.1 **Antwoord:** ________________

1.6.2 **Antwoord:** ________________

1.6.3 **Antwoord:** ________________ (3)

1.7 Transponeer die basparty van mate 6 en 7 'n verminderde kwint laer. Behou dieselfde sleutel maar, skryf die nuwe toonsoortteken.

**Antwoord:**

(3)

1.8 Besyfer die akkoorde in die volgende mate:

1.8.1 Maat 3: slae 1 en 2:

**Antwoord:** ________________

1.8.2 Maat 4:

**Antwoord:** ________________

1.8.3 Maat 5:

**Antwoord:** ________________ (3)

**[20]**

**VRAAG 2**

Beantwoord ÓF VRAAG 2.1 ÓF VRAAG 2.2.

2.1 Komponeer 'n 12-maat melodie gebaseer op 'n mineur-toonleer wat 'n verwantskap met E-mol majeur toon.
Gebruik enige saamgestelde tydmaat, asook EEN van die volgende as 'n ritmiese motief:

duool; triool; kwintool; sinkopasie

Dui die stem/instrument wat hierdie melodie moet uitvoer, in die gegewe ruimte aan.
Voorsien jou melodie van frasering en 'n toepaslike tempo-aanduiding.

**Antwoord:**

Stem/Instrument: ______________________________

(12)

**OF**

2.2 Komponeer 'n 12-maat melodie gebaseer op die 'blues'-toonleer wat op F begin.
Gebruik enige enkelvoudige tydsoort, asook EEN van die volgende as 'n ritmiese motief:

duool; triool; kwintool; sinkopasie

Dui die stem/instrument wat hierdie melodie moet uitvoer, in die gegewe ruimte aan.
Voorsien jou melodie van frasering en 'n toepaslike tempo-aanduiding.

**Antwoord:**

Stem/Instrument: ______________________________

(12)

2.3 Op watter toonleer/modus is elk van die volgende melodieë gebaseer?
Voeg 'n geskikte tydmaatteken vooraan elke melodie.
Dui die tipe tydmaatteken aan as *enkelvoudig*, *saamgesteld* of *onreëlmatig*.

2.3.1



**Antwoord:**

Toonleer: ________________________________ (1)

Tydmaatteken: ________________________________ (1)

2.3.2



**Antwoord:**

Toonleer: ________________________________ (1)

Tydmaatteken: ________________________________ (1)

2.3.3




**Antwoord:**

Toonleer: ________________________________ (1)

Tydmaatteken: ________________________________ (1)

2.3.4



**Antwoord:**

Toonleer: ________________________________ (1)

Tydmaatteken: ________________________________ (1)

**[20]**


**VRAAG 3**

Voltooi ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.

3.1 **TRADISIONELE VIERSTEMMIGE HARMONIE**

Harmoniseer die gegewe sopraanparty vir vierstemmige koor (S.A.T.B.) Gebruik minstens EEN progessie wat 'n akkoord in tweede omkering bevat. Voeg minstens EEN van die volgende by enige van die drie onderste stemme wat jy skryf:

deurgangsnoot; hulpnoot; terughouding; vooruitneming







**[20]**

**OF**

3.2 **NIE-TRADISIONELE HARMONIESE STYL**

Skryf akkoorde in die boonste balk om die baslyn te komplementeer.
Maak gebruik van chromatiese drie- en vierklanke (sewendes) om die passasie in 'n instrumentale ligtemusiekidioom daar te stel.
Dui die akkoorde aan deur Romeinse syfers, byvoorbeeld V7 of akkoordsimbole, byvoorbeeld G7 te gebruik.
Voeg EEN van die volgende by deur dit in die gegewe baslyn aan te bring:

deurgangsnoot; hulpnoot; terughouding; vooruitneming




**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B

Beantwoord hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

### VRAAG 4

Skryf die programnotas vir 'n konsert van *Brahms se Simfonie nr. 4 in e-mineur*. Fokus op die interessante kenmerke van die vierde beweging. Verwys veral na aspekte soos die volgende:

4.1 Komposisietegnieke (vorm en struktuur) (8)

4.2 Samestelling van die orkes (orkestrasie). Noem 'n instrument in elke afdeling van die orkes. (4)
**[12]**

### VRAAG 5

Gee 'n kort beskrywing van die volgende TWEE jazz-style in terme van die volgende:

- Komposisietegnieke, byvoorbeeld struktuur, melodie, ritme, harmonie
- Vernaamste instrumente gebruik

Noem ook EEN bekende musikant of komponis van jazz-musiek.

5.1 Ragtime (6)

5.2 Bebop (6)
**[12]**

### VRAAG 6

6.1 Beskryf kortliks DRIE van die kenmerke van die popmusikant of -groep wat jy bestudeer het. (6)

6.2 Noem EEN liedjie of album wat deur dié musikant of groep gekomponeer is. (1)

LET WEL: Noem die musikant en styl aan die begin van jou antwoord. **[7]**

### VRAAG 7

Soek TWEE kenmerke uit LYS A en TWEE albums uit lys B wat by die Suid-Afrikaanse popmusikant wat jy bestudeer het, pas. Skryf SLEGS die vier relevante vraagnommers (twee uit elke lys) langs die naam van die betrokke musikant neer.

LET WEL: Noem die musikant aan die begin van jou antwoord.

**LYS A**

7.1 Hy is bekend vir sy diep stem en kragtige vokale styl.
7.2 Sy stem is al vergelyk met Neil Diamond s'n.
7.3 Hy het al 'n liedjie op die Belgiese treffersparade gehad.
7.4 Hy sing veral in die reggae-styl.
7.5 Sy musiekstyl word aan kwaito gekoppel en hy is ietwat van 'n straatdigter ('urban poet').
7.6 Hy het al Suid-Afrikaanse sowel as internasionale toekennings ontvang. (2)

**LYS B**

7.7 *Rastas never die*
7.8 *Beautiful noise*
7.9 *Godoba*
7.10 *Pampoen*
7.11 *9115 Zola South*
7.12 *Think about the children* (2)
**[4]**

**VRAAG 8**

Jy stel die Afrika-koorwerk wat jy bestudeer het, aan 'n nuutgestigte koor voor wat uit lede van 'n gemengde kulturele agtergrond bestaan. Beskryf die Afrika-koorwerk wat jy bestudeer het ten opsigte van DRIE van die volgende: (Noem die koorwerk en nommer jou antwoorde volgens jou DRIE keuses.)

8.1 Begeleiding (instrumentaal of liggaamlike slagwerk) indien dit voorkom (2)

8.2 Stemming en karakter (2)

8.3 Vorm (2)

8.4 Harmoniese, ritmiese en melodiese kenmerke (2)

8.5 Strekking van teks (2)
**[6]**

Beantwoord OF VRAAG 9.1 OF VRAAG 9.2.

**VRAAG 9**

9.1 Kwaito is 'n relatiewe 'nuwe' ontwikkeling in musiek en dans. Watter ander musiekstyle het tot dié genre aanleiding gegee en hoe het dit verder in Suid-Afrika ontwikkel? **[6]**

**OF**

9.2 Beskryf die tradisionele musiek of die musiek wat vir sosiale geleenthede van 'n spesifieke kultuur gebruik word. Noem en beskryf DRIE van die volgende wat van toepassing is: (Noem die kultuur en nommer jou antwoorde volgens jou DRIE keuses.)

9.2.1 Die tipe kultuur of sosiale geleentheid (2)

9.2.2 Die musiekinstrumente wat gebruik word (2)

9.2.3 Die bewegings uitgevoer (2)

9.2.4 Die uitrustings van musikante (2)

9.2.5 Die musikale struktuur (2)

9.2.6 Die ritme en melodie (2)

9.2.7 Die harmonie (2)
**[6]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 10**

Jy is deur die studenteraad afgevaardig om 'n onderhoud te voer met EEN van die volgende komponiste ter voorbereiding vir die viering van Erfenisdag:

10.1 Mzilikazi James Khumalo

10.2 Niel van der Watt

10.3 SJ Khosa

Skryf 'n verslag vir die studenteraad waarin jy die volgende meld:

- Relevante biografiese inligting
- Gebruik van musiekelemente in komposisies: ritme, melodie, harmonie, struktuur, instrumentale gebruik en tipes komposisies, titels van komposisies, musiekstyl (Afrika-elemente) ensovoorts. **[8]**

**VRAAG 11**

Noem die liedjies en beskryf die bydrae wat deur elke relevante persoon gemaak is om die woorde en musiek van die huidige Suid-Afrikaanse Nasionale Volkslied te skep. **[5]**

**VRAAG 12**

Hoekom is dit belangrik dat 'n komponis sy/haar werk by SAMRO of SARRAL registreer? **[5]**

**TOTAAL AFDELING B: 65**

**GROOTTOTAAL: 125**

Kopiereg voorbehou

## ROFWERKBLAD

Kopiereg voorbehou